# Uittree-Annuïteitsplan

# Planbeskrywing

'n Persoon wat uittree-annuïteitsvoordele wil ontvang, moet 'n lid van 'n uittree-annuïteitsfonds wees. Die uittree-annuïteitsfonds het 'n plan vir die lid om die voordele aan die lid te voorsien. Die uittree-annuïteitsfonds is die planhouer en nie die lid nie.

Die persoon na wie in die kontrakdokumente as die versekerde lewe verwys word, is 'n lid van die Central Retirement Annuity Fund (die FONDS). Die FONDS het by ons, Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens), 'n plan op die lewe van die lid om die uittree-annuïteitsvoordele te voorsien.

Soos deur die Wet op Pensioenfondse vereis word, moet bydraes regstreeks aan ons betaal word en nie aan die FONDS nie. Ons ontvang die bydraes as die betalings vir die plan.

Die plan is 'n versekeringspolis soos beskryf onder, en gereguleer deur die Langtermynversekeringswet, 1998 en die Versekeringswet, 2017. Die plan is 'n kontrak tussen die planhouer en ons.

Die kontrak bestaan uit die volgende:

- die kwotasie;
- die aansoek om die plan;
- hierdie planbeskrywing, PLR-A08-01, soos van tyd tot tyd bygewerk, en beskikbaar op die Sanlam webruimte by http://www.sanlam.co.za;
- die staat, soos van tyd tot tyd bygewerk;
- ander dokumente, korrespondensie en inligting, indien enige, wat by implikasie deel van die kontrak vorm.

Ons sal die planbeskrywing en staat bywerk om wysigings te weerspieël
- in administrasieprosedures, byvoorbeeld hoe eenheidspryse bepaal word en waar inligting oor beleggingsfondse gekry kan word;
- in heffings, insluitend die fooie wat deur die batebestuurders gehef word;
- wat deur eksterne faktore vereis word, byvoorbeeld wetgewing, of die interpretasie daarvan.

Hierdie planbeskrywing moet tesame met die staat wat die versekerde lewe ontvang, gelees word. Alle inligting wat op 'n spesifieke plan van toepassing is, word in die staat vir daardie plan uiteengesit. As daar enige teenstrydigheid is tussen die inhoud van hierdie planbeskrywing, 'n staat vir 'n plan en die reëls van die FONDS, sal die voorwaardes van die laaste twee geld.

---

## Verduidelikings

### Werksdag
Dit is enige dag van die week van Maandag tot Vrydag, openbare vakansiedae uitgesluit.

---

# Betalings

## Eenmalige betalings
Eenmalige betalings mag gemaak word, op voorwaarde dat dit nie minder is as ons minimum wat toegelaat word nie. As die transaksiedatum vir 'n betaling, soos in die staat aangedui, meer as een dag later as die betaaldatum is, sal ons die betaling aanpas om voorsiening te maak vir die vertraging vanaf die dag na die betaaldatum tot die transaksiedatum.

## Herhalende betalings
Herhalende betalings word toegelaat, maar dan moet dit van die begindatum van die plan van toepassing wees. Dit kan nie later bygevoeg word nie. 'n Herhalende betaling, indien van toepassing, is op dieselfde dag van elke maand of jaar verskuldig, soos in die staat aangedui.

As herhalende betalings per debietorder gemaak word, en die dag wat versoek is waarop ons die betaling moet vorder, nie op 'n werksdag val nie, of 'n maand nie die spesifieke dag het nie, sal ons dit op die volgende werksdag vorder.

Die transaksiedatum vir 'n herhalende betaling is die laaste van die datum waarop die betaling verskuldig is en die werklike betaaldatum. As dit nie 'n werksdag is nie, sal die transaksiedatum die eerste werksdag daarna wees. Ons sal nie 'n herhalende betaling wat voor die transaksiedatum gemaak word aanpas om voorsiening te maak vir vroeë betaling nie.

As 'n herhalende betaling nie ten volle binne 'n respyttydperk van 30 dae gemaak word nie, mag ons die herhalende betaling as gestaak ag.

## Betalingsgroei
As die plan betalingsgroei het, sal die herhalende betaling volgens die voorwaardes van die tipe betalingsgroei, soos gekies, verhoog word.

Ons bied die volgende tipe(s) betalingsgroei:

- **Vaste groei**
  Die herhalende betaling sal elke jaar met die gekose vaste persentasie verhoog word.

- **Sanlam-inflasie**
  Die herhalende betaling sal elke jaar met die inflasiekoers, soos deur ons bepaal, verhoog word. Met die vasstelling van die koers sal ons die verandering in die verbruikersprysindeks, of enige ander algemeen aanvaarde metode om inflasie te meet wat in daardie stadium van toepassing mag wees, in ag neem. Die Sanlam-inflasiekoers mag as gevolg van verskille in berekeningsmetodes van amptelike koerse verskil. 'n Minimum verhoging, wat van tyd tot tyd mag verander, is van toepassing.

- **Flexi-groei vir doelwit**
  Solank die plan aan 'n doelwit gekoppel is, sal die herhalende betaling elke jaar verhoog word om te verseker dat die plan goed vorder om die doelwit te bereik.

- **Flexi-groei vir skema**
  Flexi-groei is slegs beskikbaar vir 'n plan wat deel van 'n skema vorm. Die herhalende betaling sal op versoek verhoog word. Enige aantal verhogings per jaar mag versoek word. Enige bedrag of persentasie mag vir 'n verhoging versoek word, onderworpe aan 'n minimum wat van tyd tot tyd mag verander.

Die tipe betalingsgroei wat op 'n plan van toepassing is, word in die staat aangedui.

# Belegging

Ons belê 'n eenmalige betaling en 'n herhalende betaling minus heffings, indien van toepassing, in die onderskeie gekose beleggingsfondse.

Inligting oor al die beleggingsfondse wat ons bied, is op die Sanlam webruimte by http://www.sanlam.co.za beskikbaar.

## Nakoming van Regulasie 28

Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 vereis dat spaargeld vir aftrede beskerm moet word.  Om hierdie rede beperk die regulasie die blootstelling van aftreefondsplanne aan verskillende bateklasse.  Die maksimum beperkings is tans onder andere 75.00% in aandele, 25.00% in eiendomsbates en 10.00% in verskansingsfondse.  Dit is noodsaaklik dat aftreefondsplanne aan die beperkings van Regulasie 28 voldoen.  Die regulasie beperk ook die blootstelling aan buitelandse bates op 'n aftreefondsvlak, tans tot 30.00% soos deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorgeskryf.  Om nakoming op 'n aftreefondsvlak te verseker, word hierdie beperking ook op 'n individuele planvlak toegepas, behalwe in gevalle waar die mandaat van die onderliggende beleggingsfonds deur Sanlam Lewens beheer word en die buitelandse blootstelling verminder kan word as die aftreefonds nie meer buitelandse kapasiteit het nie.

Sommige beleggingsfondse voldoen aan Regulasie 28 wat beteken dat die batebestuurders van daardie fondse seker maak dat die fondse altyd voldoen aan die beperkings van Regulasie 28.  As 'n aftreefondsplan slegs beleggingsfondse het wat aan Regulasie 28 voldoen, of 'n leeftyd beleggingsopsie het, sal die plan altyd aan Regulasie 28 voldoen.

As 'n aftreefondsplan een of meer beleggingsfondse het wat nie aan Regulasie 28 voldoen nie, kan markbewegings tot gevolg hê dat die batetoedelings van die plan die beperkings oorskry wat deur Regulasie 28 bepaal word.  Om hierdie rede is ons verplig om die plan op 'n gereelde grondslag te monitor om vas te stel of dit steeds aan Regulasie 28 voldoen.  As die plan nie meer voldoen nie, sal ons die versekerde lewe in kennis stel van die vereiste aksies om die batetoedeling te herbalanseer asook die gevolge as dit nie gedoen word nie.

## Leeftyd beleggingsopsie

As die Omvattende R28-opsie met 'n leeftyd beleggingsopsie gekies is, deel ons die belegging toe aan die beleggingsfondse wat in die staat aangedui word.  Ons sal die toedeling van die belegging op 'n deurlopende basis bestuur.  Die werking van die gekose leeftyd beleggingsopsie word in die staat beskryf.

## Hoe en wanneer word die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is, belê?

Ons gebruik die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is om op die transaksiedatum eenhede in daardie beleggingsfonds te koop.

## Eenheidsprys

'n Eenheidsprys word daagliks in Suid-Afrikaanse geldeenheid bereken, op grond van die markwaarde van die bates in die beleggingsfonds.

Die volgende word in aanmerking geneem wanneer die eenheidsprys vir 'n spesifieke beleggingsfonds bereken word:

- belasting, soos in die toepaslike polishouerfonds gehef. Geen belasting word tans in die polishouerfonds vir aftreefondse gehef nie;
- die waarborgheffing vir Escalating Fondse;
- die fooie wat deur die batebestuurders gehef word.

Die eenheidsprys van 'n beleggingsfonds word nie gewaarborg nie, en mag mettertyd vermeerder of verminder, tensy dit spesifiek anders in die kontrak genoem word.

Vir gestabiliseerde beleggingsfondse is die eenheidsprys aan bonusverklarings gekoppel wat daarop gemik is om groei met verloop van tyd egalig te maak, in plaas daarvan om die markwaarde direk te gebruik. Die werking van hierdie gestabiliseerde beleggingsfondse word in die aangehegte "Beginsels en Praktyke van Finansiële Bestuur"-dokument verduidelik. Hierdie dokument is ook op die Sanlam-webwerf by http://www.sanlam.co.za/Legal/Principles and Practices of Financial Management (PPFM)/Sanlam Personal Finance Individual Smoothed Bonus Products beskikbaar.

### Mag 'n beleggingsfonds gesluit word?

Ja. Dit kan byvoorbeeld gebeur as wetgewing verander of sekere klasse bates onbekombaar raak of dit na ons mening nie meer verstandig is om in die spesifieke beleggingsfonds te belê nie. As die plan geraak word, sal ons die versekerde lewe versoek om 'n ander beleggingsfonds te kies wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, en om ons van die keuse in kennis te stel. As ons geen reaksie op sodanige versoek ontvang nie, sal ons besluit in watter beleggingsfonds om die deel van die plan wat geraak word te belê.

### Omskakeling van beleggingsfondse

Omskakeling van beleggingsfondse wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, mag op versoek gedoen word. Ons sal eenhede verkoop van die beleggingsfondse waaruit 'n omskakeling gedoen word, en sal eenhede koop van die beleggingsfondse waarnatoe 'n omskakeling gedoen word. Ons doen dit op die eerste werksdag na ontvangs van die omskakelingsversoek.

Toekomstige betalings mag toegedeel word aan enige beleggingsfonds wat vir hierdie tipe plan toegelaat word. Die betalings wat reeds aan die huidige beleggingsfondse toegedeel is, sal dan in hierdie beleggingsfondse bly.

As 'n leeftyd beleggingsopsie aktief is wanneer enige omskakeling op versoek gedoen word, of betalings op versoek anders toegedeel word, sal die opsie gekanselleer word.

### Koste om beleggingsfondse om te skakel

Daar is tans geen transaksieheffing vir die eerste vier omskakelings in 'n planjaar nie. Vir elke daaropvolgende omskakeling in 'n planjaar sal ons 'n transaksieheffing, wat in daardie stadium bepaal sal word, hef. Die huidige transaksieheffing word in die staat aangedui. Ons mag die aantal gratis omskakelings van tyd tot tyd verander.

Enige omskakeling van beleggingsfondse wat ons volgens die gekose leeftyd beleggingsopsie doen, sal gratis wees. Geen transaksieheffing sal gehef word nie.

### Verhandeling van bates
Ons mag die bates in die beleggingsfondse vir transaksies soos skriplenings gebruik. Enige inkomste of verlies voortspruitend uit hierdie transaksies, sal vir ons eie rekening wees, en sal dus nie die planvoordele raak nie.

---

## Fondswaarde
Die fondswaarde van 'n spesifieke beleggingsfonds is die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys vir daardie beleggingsfonds.

Die fondswaarde van die plan is die totale fondswaarde van al die beleggingsfondse vir daardie plan.

### Gestabiliseerde beleggingsfondse
Vir gestabiliseerde beleggingsfondse sal die fondswaarde slegs op die datums of slegs op die voorkoms van die gebeurtenisse wat in die staat aangedui word gelyk wees aan die aantal eenhede in die gestabiliseerde beleggingsfonds vermenigvuldig met die eenheidsprys daarvan.

Op enige ander datum of gebeurtenis is die fondswaarde die laagste van die markwaarde van die onderliggende bates en die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys daarvan. Die markwaarde mag mettertyd vermeerder of verminder. As 'n voordeel betaal word, of as 'n heffing vir vermindering of staking van die herhalende betaling gehef word, op 'n tydstip wanneer die markwaarde van die onderliggende bates die laagste van die twee waardes is, sal 'n markwaarde-aanpassing toegepas word. Dit sal gedoen word deur 'n aantal eenhede gelyk in waarde aan die verskil tussen die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys, en die markwaarde van die onderliggende bates te verkoop. Die oorblywende eenhede, indien enige, sal dus laer wees as wat dit sou gewees het as die voordeel betaal is op 'n tydstip toe die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys laer as of gelyk aan die markwaarde van die onderliggende bates was.

---

## Escalating Fondse met waarborge
Vir 'n aantal beleggingsfondse is daar 'n ooreenstemmende Escalating Fonds met 'n ingeboude waarborg beskikbaar. Hierdie Escalating Fondse is aparte beleggingsfondse en daarom verskil hulle eenheidspryse van die eenheidspryse van die ooreenstemmende beleggingsfondse. Die ingeboude waarborg sal verseker dat die eenheidsprys van 'n Escalating Fonds altyd ten minste 80% is van die hoogste eenheidsprys wat al ooit op daardie Escalating Fonds bereik is sedert sy intreedatum, ten spyte van wat met die onderliggende beleggings gebeur.

'n Escalating Fonds belê in 'n kombinasie van die ooreenstemmende beleggingsfonds en kontant. Dienooreenkomstig is die beleggingsopbrengs op 'n Escalating Fonds 'n kombinasie van die beleggingsopbrengste op die ooreenstemmende beleggingsfonds en kontant, en kan dus aansienlik van die ooreenstemmende beleggingsfonds s'n verskil. Vir 'n Escalating Fonds is die toedeling tussen die ooreenstemmende beleggingsfonds en kontant nie vas nie, maar wissel volgens marktoestande. Wanneer die markwaarde van die ooreenstemmende beleggingsfonds afneem, sal die persentasie wat aan kontant toegedeel word, verhoog word om die kapitaalwaarde te beskerm. Op dieselfde manier, wanneer die markwaarde van die ooreenstemmende beleggingsfonds toeneem, sal die persentasie wat aan die ooreenstemmende beleggingsfonds toegedeel word, verhoog word om die Escalating Fonds toe te laat om uit 'n stygende mark voordeel te trek.

'n Escalating Fonds verminder die wisselvalligheid van opbrengste in vergelyking met die ooreenstemmende beleggingsfonds, en mik om kapitaalverliese in 'n dalende mark te beperk, terwyl dit ook voordeel trek uit stygende markte. Tydens markafswaaie mag die kontantkomponent van 'n Escalating Fonds aansienlik toeneem en mag 'n Escalating Fonds die grootste gedeelte van sy bates in kontant belê. Daarom is dit nie onwaarskynlik dat die kontantkomponent van 'n Escalating Fonds 50% van tyd tot tyd mag oorskry nie. Tydens uiterste afswaaie kan 'n Escalating Fonds 100% in kontant belê word. Rente wat op die kontant verdien is, gepaard met 'n herstel in die mark, sal egter tot gevolg hê dat 'n Escalating Fonds geleidelik uit kontant en weer in die ooreenstemmende beleggingsfonds geskakel word.

---

## Heffings

### Belasting

Belasting word volgens die toepaslike polishouerfonds gehef. Geen belasting word tans in die polishouerfonds vir aftreefondse gehef nie.

### Heffings vir die plan

Die huidige heffings word in die staat aangedui en kan een of meer van die volgende wees:

- 'n **Aanvanklike bemarkingsheffing**, wat van elke betaling afgetrek word, na gelang van die vlak van kommissie wat onderhandel is.

- 'n **Betalingsheffing**, wat van herhalende betalings afgetrek word, as betalings per aftrekorder gemaak word. Die heffing word as 'n persentasie van die herhalende betaling bereken.

- 'n Maandelikse **Regulasie 28-administrasieheffing** om die plan te monitor en, indien nodig, om te verseker dat die plan aangepas word om aan Regulasie 28 te voldoen. Die heffing sal van tyd tot tyd verhoog word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak. Dit word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.

  As die Omvattende R28-opsie gekies word, sal die plan altyd aan Regulasie 28 voldoen aangesien al die beleggingsfondse wat vir die Omvattende R28-opsie beskikbaar is, aan Regulasie 28 voldoen. Dus sal die Regulasie 28-administrasieheffing nie van toepassing wees op die Omvattende R28-opsie nie.

- 'n Jaarlikse **bemarkings-en-administrasieheffing**, wat as 'n persentasie van die fondswaarde bereken word. Hierdie heffing is onderworpe aan 'n minimum maandelikse randbedrag wat van tyd tot tyd verhoog sal word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak. Die heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat die persentasie deur 12 gedeel word om die maandelikse bedrag te bereken. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.

  Vir 'n gestabiliseerde beleggingsfonds sal die bemarkings-en-administrasieheffing altyd bereken word op 'n fondswaarde gelyk aan die aantal eenhede in die gestabiliseerde beleggingsfonds vermenigvuldig met die eenheidsprys daarvan.

- 'n Jaarlikse **waarborgheffing** vir Escalating Fondse, wat 'n persentasie van die fondswaarde is en vir verskillende beleggingsfondse mag verskil. Dit word in aanmerking geneem wanneer ons die daaglikse prys van die eenhede bereken.

### Aftrekkings wat deur die batebestuurders gemaak word

'n Batebestuurder hef fooie vir beleggingsnavorsing en vir die uitkies van die onderliggende bates van 'n beleggingsfonds. Hierdie fooie word in aanmerking geneem in die berekening van die daaglikse eenheidsprys van 'n beleggingsfonds. Die gepubliseerde prestasiesyfers van 'n beleggingsfonds is daarom na aftrekking van hierdie fooie. Meer inligting oor hierdie fooie en hulle huidige waardes is in die staat beskikbaar.

### Transaksieheffing

Ons sal 'n transaksieheffing vir elk van die volgende wysigings voor die aftreedatum soos gekies op die begindatum van die plan hef:

- Neem van 'n vroeë aftreevoordeel;
- Beëindiging van die plan.

Die bedrag van hierdie transaksieheffing word deur middel van regulatoriese maatreëls bepaal en dit sal in die toekoms verander as sodanige regulatoriese maatreëls of wetgewing verander.

Ons sal ook 'n transaksieheffing vir omskakeling van beleggingsfondse hef. Hierdie transaksieheffing sal van tyd tot tyd verhoog word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak. Ons sal aanhou om die transaksieheffing vir omskakeling van beleggingsfondse na die aftreedatum soos gekies op die begindatum van die plan te hef.

Elke transaksieheffing sal van die fondswaarde geneem word deur die nodige aantal eenhede te verkoop.

---

## Beleggingsadviesooreenkoms tussen die versekerde lewe en die FONDS

Die versekerde lewe, as 'n lid van die FONDS, mag die FONDS versoek om 'n fondsgebaseerde fooi, BTW ingesluit indien van toepassing, vir deurlopende beleggingsadvies vir sy of haar aftreebelegging te betaal. Ons, as die administrateur van die FONDS en in opdrag van die FONDS, sal hierdie fooi maandeliks namens die FONDS betaal aan die tussenganger wat hierdie advies voorsien.

Hierdie beleggingsadvies is 'n diskresionêre diens wat voorsien word deur 'n tussenganger wat deur die versekerde lewe aangewys is. Dit is nie deel van die tussengangerdienste waarvoor ons kommissie betaal nie.

Die fondsgebaseerde fooi vir die beleggingsadvies word as 'n persentasie per jaar van die fondswaarde gespesifiseer. Die versekerde lewe moet die persentasie spesifiseer. Die fondsgebaseerde fooi word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat die gespesifiseerde persentasie deur 12 gedeel word. Dit word maandeliks deur middel van 'n onttrekking van die fondswaarde afgetrek. Omdat die fondsgebaseerde fooi op die fondswaarde gebaseer word, sal die randwaarde van die fooi wissel. Byvoorbeeld, 'n fondsgebaseerde fooi van 0.50% impliseer R41.67 per maand as die fondswaarde gelyk is aan R100 000.00.

Vir 'n gestabiliseerde beleggingsfonds sal die fondsgebaseerde fooi altyd bereken word op 'n fondswaarde gelyk aan die aantal eenhede in die gestabiliseerde beleggingsfonds vermenigvuldig met die eenheidsprys daarvan.

Die huidige fondsgebaseerde fooi, indien van toepassing, word in die staat aangedui.

---

## Vermindering of staking van die herhalende betaling

Die herhalende betaling kan op versoek verminder of gestaak word, mits daar voldoen word aan ons voorwaardes wat in daardie stadium van toepassing is.

Een van die voorwaardes vir die staking van die herhalende betaling is 'n minimum fondswaarde. As herhalende betalings gestaak word ten spyte daarvan dat daar nie aan hierdie voorwaarde voldoen is nie, sal die plan verval. Die minimum fondswaarde word in die staat aangedui.

As herhalende betalings gestaak word as gevolg van emigrasie, mag die plan se beëindigingswaarde as 'n enkelbedrag geneem word op voorwaarde dat die emigrasie skriftelik deur 'n gemagtigde Reserwebank-handelaar bevestig is. Die beëindigingswaarde is gelyk aan die fondswaarde minus die transaksieheffing, indien van toepassing.

---

## Aftreevoordeel

Die aftreevoordeel mag enige tyd vanaf die versekerde lewe se 55ste verjaarsdag geneem word, behalwe as die versekerde lewe vir ongeskiktheidsvoordele kwalifiseer soos gedefinieer in die reëls van die FONDS, wanneer dit vroeër geneem mag word. Die aftreevoordeelbedrag is gelyk aan die plan se beëindigingswaarde, wat die fondswaarde minus die transaksieheffing, indien van toepassing, is.

### Hoe sal die aftreevoordeel voorsien word?

Na gelang van wetgewing mag die versekerde lewe 'n deel van die aftreevoordeelbedrag as 'n enkelbedrag neem. Die balans moet gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien. Of die versekerde lewe kan kies dat die volle voordeelbedrag gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien.

Die plan sal dan eindig, ongeag op watter manier die voordeelbedrag geneem word. 'n Lyfrenteplan sal uitgeneem word om die gereelde pensioenbetalings te voorsien. Hierdie plan moet by 'n versekeraar uitgeneem word wat kragtens die Versekeringswet, 2017 as 'n lewensversekeraar geregistreer is.

---

## Belasting op aftreevoordeel

Volgens huidige belastingwetgewing, en na gelang van die versekerde lewe se belastingomstandighede,

- kan die enkelbedragvoordeel belastingvry binne sekere perke wees, en
- sal gereelde pensioenbetalings ten volle as inkomste belasbaar wees.

---

## Voordeel betaalbaar by dood

Die voordeelbedrag is gelyk aan die fondswaarde op die datum waarop ons kennis ontvang van die dood van die versekerde lewe.

Die volle voordeelbedrag mag as 'n enkelbedrag betaal word, of dit kan gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien. 'n Lyfrenteplan sal uitgeneem word om die gereelde pensioenbetalings te voorsien. Hierdie plan moet by 'n versekeraar uitgeneem word wat kragtens die Versekeringswet, 2017 as 'n lewensversekeraar geregistreer is.

### Wie sal die voordeel betaalbaar by dood ontvang?

Soos deur die Wet op Pensioenfondse vereis word, moet enige bedrag betaalbaar as gevolg van dood betaal word

- aan enige of al die afhanklikes van die versekerde lewe, of
- as die versekerde lewe genomineerdes aangewys het wat nie afhanklikes is nie, dan aan enige een of meer van die afhanklikes en genomineerdes.

### Hoeveel sal aan elke afhanklike of genomineerde betaal word?

Die trustees van die FONDS sal besluit of voldoende vir die behoeftes van afhanklikes voorsien is.  Hulle sal dus besluit wat elke afhanklike se aandeel, indien enige, van 'n betaalbare bedrag is.  As 'n genomineerde nie 'n afhanklike is nie, sal die trustees ook besluit of die genomineerde vir enige voordele kwalifiseer en indien wel in watter mate 'n genomineerde 'n betaalbare bedrag met die afhanklikes sal deel.

### Wie is 'n afhanklike?

- Die gade van die versekerde lewe.
- 'n Kind van die versekerde lewe, insluitend 'n aangenome of buite-egtelike kind.
- 'n Persoon wat, hetsy regtens of feitelik, van die versekerde lewe afhanklik is vir finansiële onderhoud.
- 'n Persoon wat, hetsy regtens of feitelik, van die versekerde lewe afhanklik sou gewees het vir finansiële onderhoud as die versekerde lewe nie gesterf het nie.  Byvoorbeeld, 'n kind van die versekerde lewe wat na die versekerde lewe se dood gebore word.

### Is dit nodig om genomineerdes aan te wys?

Ja.  'n Genomineerde is iemand wat die versekerde lewe aanwys om die voordeel beskikbaar by dood, of 'n deel daarvan, te ontvang.  Ons, en die trustees van die FONDS, sal dan weet wat die versekerde lewe se wense is.  'n Genomineerde mag die aanwysing slegs na die dood van die versekerde lewe aanvaar of afwys.

### Mag die aanwysing van 'n genomineerde verander word?

'n Aanwysing mag enige tyd bygevoeg, gekanselleer of verander word.  Dit moet skriftelik en deur die versekerde lewe onderteken wees, en moet Sanlam Lewens se hoofkantoor voor die versekerde lewe se dood bereik.

---

## Betalings

Alle betalings moet in Suid-Afrika in Suid-Afrikaanse geldeenheid gemaak word.

---

## Let asseblief op

- Die plan is onderworpe aan wetgewing en ons vereistes van tyd tot tyd.
- Ons bepaal die waardes, voordele en heffings van hierdie plan, en administreer die plan, volgens die aktuariële basis wat daarvoor goedgekeur is soos deur die Langtermynversekeringswet, 1998 vereis.
- Die vlak van herhalende betalings mag verander word, onderworpe aan ons vereistes in daardie stadium.
- Afgesien van die ingeboude waarborg van die Escalating Fondse, waarborg ons nie die prestasie van die beleggingsfondse nie.  Die waarde van die eenhede mag vermeerder of verminder, en prestasie van die verlede is geen waarborg vir toekomstige prestasie nie.  Byvoorbeeld, die waarde van die bates in buitelandse geldeenhede mag wesenlik vermeerder of verminder as gevolg van veranderings in wisselkoerse.
- Ons sal slegs 'n eis vir betaling van 'n voordeel oorweeg nadat ons die inligting ontvang het wat ons vir hierdie doel mag vereis.

---